**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**Moontlike Antwoorde**
**Feb / Maart 2006**

---

AFDELING A
**POËSIE**

**VRAAG 1**
**Hippie**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | flap / kelk / groei / plantaardig | (1) |
| 1.2 | strofe 3 | (1) |
| 1.3 | oë word met kwaste in hout vergelyk | (2) |
| 1.4 | "miskien" | (1) |
| 1.5 | Sy klere is verwaarloos / verflenterd.<br>Hy bedel kos.<br>Hy dwaal doelloos rond. (Enige een) | (1) |
| 1.6 | Dis kort / dis werkwoorde / Dis na regs geplaas. | (1) |
| 1.7 | Albei verwys na ? blom (flap en malva). | (1) |
| 1.8 | Lewenslustige / wippende | (1) |
| 1.9 | Dis personifikasie / Dui ? stemming (van verbittering) aan / Menslike eienskappe (emosies) word aan ? boom toegeken. | (1) |
| 1.10 | Sy hare is vuil en vetterig. | (1) |
| 1.11 | Nee<br>Dwelmmisbruik is verslawend en ? euwel. | (1)<br>(1)<br>**[13]** |

**OF**

**VRAAG 2**
**BITTERBESSIE DAGBREEK**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | ? Gebreekte spieël het 7 jaar van ongelukkigheid tot gevolg. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 2.2 | Alles wat hy gesê het, was leuens / ... | (1) |
| 2.3 | Verdrietig / hartseer / teleurstelling / berou / verbittering. | (1) |
| 2.4 | Dis verbreek. | (1) |
| 2.5 | "herinnering" en "vergeet" | (2) |
| 2.6 | Hoor en sien. | (2) |
| 2.7 | Herhaling (van klanke / woorde) | (1) |
| 2.8 | Bedrieg / gekul | (1) |
| 2.9 | Beklemtoning / Uitheffing van die spreker se "soeke" | (1) |
| 2.10 | Nee. Liefdesverhoudings eindig nie noodwendig in teleurstellings nie / ...<br>Ja. Almal gaan in een of ander stadium deur hierdie ervaring / ...<br>(Kyk ook na ander insigte) | (2)<br>**[13]** |

**EN**

**VRAAG 3**
**BUSRIT IN DIE AAND**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | aand | (1) |
| 3.2 | Dis vae gedaantes (voorwerpe) buite die bus / Voorwerpe wat nie duidelik sigbaar is nie. | (1) |
| 3.3 | Elk / yl | (1) |
| 3.4 | Beklemtoning / Uitheffing<br>van die moeisame beweging van die bus. | (1)<br>(1) |
| 3.5 | "ons, soos twee kinders opgetoë" | (1) |
| 3.6 | Dit sluit aan by die beeld van ? skip | (1) |
| 3.7 | ? Verduideliking van die inhoud van die kaperskuit (nl. busbestuurder en passasiers) | (1) |
| 3.8 | "Jammerlik" beteken droewig / hartseer / ellendig (dus morbied) | (1) |
| 3.9 | Sekerheid | (1) |

3.10 Ja
Die titel suggereer dit / ...
OF
Nee: dit is ook die roetine van hulle werk / stadslewe.
(Kyk ook na ander insigte) (2)
**[12]**

**OF**

## VRAAG 4
## PAPPA EN SEUNTJIE STAP

4.1 Die vader (1)

4.2 Hy is blind / Omdat hy nie kan sien nie, stap hy moeilik. (1)

4.3 Liefde / teerheid (1)

4.4 Hierdie gebarste muur / hierdie boom / "as vriend van my voetstappe" (1)

4.5 r. 31 – 33 (1)

4.6 Eensaam (1)

4.7.1 Hy kan nie die blare sien nie (streel, ruik en kou dit) (1)

4.7.2 Bitter (1)

4.8 Die vader is blind en (1)
vra die seun om hom by te staan (1)

4.9 Ja (1)
Hy kan dankbaar wees vir hulp / sy seun / bekende dinge / ander sintuie / kan stap / herinneringe (1)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B

## VRAAG 5
## *DIE KEISER* (Bartho Smith)

5.1.1 Ja (1)

5.1.2 Hulle leef in armoede / loop in vodde / ly honger. (1)

5.2 Maarskalk en Kultuur (2)

5.3 Die amptelike ontvangs van ? persoon / persone deur ? keiser / koning / president / hooggeplaaste (1)

| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | r. 9 – 13: respekvol / verdraagsaam<br>r. 24: minagtend / hardhandig / onverdraagsaam | (1)<br>(1) |
| 5.5.1 | Die openbare prosessie van die Keiser deur die strate as deel van die feesvieringe. | (1) |
| 5.5.2 | Hy was gedwing om voort te gaan met die optog, of om die Wewer as nuwe keiser uit te roep / deur die Keiserin in sy teenwoordigheid te martel. | (2) |
| 5.6 | Hy probeer die Keiser <u>beskerm</u> (en slaan die Wewer) / Hy is <u>woedend</u> (omdat die Wewer hardhandig teenoor die Keiser optree). | (1) |
| 5.7 | Dubbele leestekengebruik (Vraagteken en uitroepteken) | (1) |
| 5.8.1 | Ja. | (1) |
| 5.8.2 | Hy het die Keiser bedrieg / mislei. | (1) |
| 5.9.1 | Nee. | (1) |
| 5.9.2 | Die drama bereik sy klimaks wanneer die Keiser in sy onderbroek aan die optog deelneem en deur die volk vereer word. / In die betrokke teksgedeelte neem die botsing tussen die Keiser en die Wewer toe en stuur op die klimaks af. | (1) |
| 5.10 | Maarskalk – Hy verswyg die ware omvang van die opstand aan die Keiser / ...<br>Kultuur – Hy is veronderstel om die volk op te hef as deel van die beskawingsprogram, maar verryk homself / ...<br>Diplomaat – Hy is ? verraaier / Hy help Groen Tier met hul komplot teen die Keiser / ... | (2) |
| 5.11 | Hulle sal nie vry wees nie / Hulle sal geen besittings hê nie / Hy sal slawe maak van hulle / Hy sal nie saf wees nie / Hy sal met ? ysterhand regeer. (Enige twee) | (2) |
| 5.12 | Hy het ? sterk begeerte / baie lus om Nar te skiet. | (1) |
| 5.13 | Stippels / Beletselteken / Ellips | (1) |
| 5.14 | Klere is ? simbool van beskawing | (1) |
| 5.15.1 | Staatsgreep / rebellie | (1) |
| 5.15.2 | In Afrika is daar <u>gereelde</u> staatsgrepe waar rebelle-groepe regerings gewelddadig oorneem of probeer oorneem. | (1)<br>**[25]** |

**OF**

## VRAAG 6

6.1 Die Keiser was bewus van die wyse waarop sy vader en oupa die volk verdruk het:

– Die volk was arm, kaal slawe.
– Hulle was in vodde geklee.
– Hulle het in die goudmyne gewerk.
– Geen kos, geen klere, geen geld nie

Die beskawingsprogram was ? opheffings- / ontwikkelingsplan.

– Die Keiser het opdrag gegee dat die hele volk geklee en gevoed moet word soos alle paleisbewoners.
– Daar moet huise gebou word.
– En kos en klere vir die volk gekoop word.
– Daar moet weer mense van hulle gemaak word.
– Die volk moet bevry en beskaaf word,
– en die gelukkigste volk op aarde gemaak word.

Die beskawingsprogram was onsuksesvol:

– Kultuur en Maarskalk het hulself verryk.
– In plaas van die beskawingsprogram is daar spandabelrig geld aan die eeufeesvierings bestee.
– Die Keiser het sy ministers te veel vertrou met die uitvoer van hul pligte,
– en het versuim om self te gaan kyk hoe die program vorder. (10)

6.2

– Diplomaat dien die Keiser (en Ekwator) as die Minister van Buitelandse Sake.
Hy is veronderstel om goeie bande met buurlande op te bou en om lojaal te bly.
– Die Wewers dien die Keiser deur ? pragtige, heilige wonderkostuum te weef (as geskenk vir sy vyftigste regeringsjaar)
– Diplomaat bedrieg die Keiser deurdat hy weet dat daar geen Utopia met ? Grootkeiser bestaan nie.
Hy reël dat die Wewers toegang tot die paleis kry.
Hy reël vir die verdwyning van die Keiser se klere.
– Die Wewer (ook bekend as die Groen Tier / Grootkeiser) is die brein agter die staatsgreep:
Hy het paleiswagte en soldate omgekoop.
Hy belieg die Keiser oor die kostuum en besteel die Keiser
– Hulle spreek die Keiser leuenagtig as Heilige Keiser, en Groot bevryder en beskawer aan.
– Hulle probeer die Mag oorneem deur:
    * Kultuur en Maarskalk te onthoof
    * Die Keiser te dwing om kaal in die openbaar te verskyn – hopend dat die volk hom sal verskeur; of
    * Die Keiser te oorreed om die Wewer as sy opvolger aan te wys.
– Die optog gaan voort en die volk vereer die Keiser.
– Die rebelle se planne is gefnuik en hulle vlug. (15)

**[20]**

**EN**

AFDELING C
**PROSA**

**VRAAG 7**
***KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee)**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Maska is ? houtkapper / deel van Joram se houtkapspan / ? Outeniekwa<br>Maska was ? vertroueling / ? goeie vriend / soos ? besorgde familielid. | (1)<br>(1) |
| 7.2.1 | ? Tussenganger (versoener) tussen Jozef en Saul. | (1) |
| 7.2.2 | ? Tussenganger (beskermer) tussen die jagters en Saul. | (1) |
| 7.3 | Meulbos is ? <u>verwaarloosde dorpie</u> met ? <u>uitgeroeide veld</u> as gevolg van die delwers se bedrywighede. | (2) |
| 7.4 | Die Bos is die saambindende mag in die verhaal / As eienaam – personifieer die Bos. | (1) |
| 7.5 | ? Konfrontasie tussen Saul en Jozef (oor ? misverstand van Jozef) | (2) |
| 7.6 | Hy sou Oupoot probeer beskerm. | (1) |
| 7.7 | "sononderkant" | (1) |
| 7.8 | Oupoot verskyn wanneer Saul se familie doodgaan / Oupoot verskyn toe Saul siek was. | (1) |
| 7.9 | Hy is geskok en verbaas / Maska se bekentenis hoe hy Oupoot beskerm. | (1) |
| 7.10 | Hy laat nie toe dat daar op Sondae gewerk word nie / Hy is hardwerkend. | (1) |
| 7.11 | ? Boom (upright) het op hom geval. | (1) |
| 7.12 | Nee<br>Hy is slimmer as die ander Bosmense / Hy is lief vir die Bos / Saul is op "magiese" wyse aan Oupoot verbind. | (1)<br>(1) |
| 7.13 | Die naam van die Here sonder enige rede (gronde) gebruik / As vloekwoord | (1) |
| 7.14 | Saul wil nie aanvaar Oupoot is sy dier-broer nie / Saul wil Oupoot skiet / Saul doen min om Oupoot te beskerm. | (1) |
| 7.15 | In r. 3 is hy uitgeput en moeg / In r. 3 werk hy saam met Freek-hulle.<br>In r. 48 is hy vurig en geesdriftig / In r. 48 teen hulle. | (1)<br>(1) |
| 7.16 | Hy gebruik die Here se naam ydellik. | (1) |
| 7.17 | Letterlik – die sirkelpad waarlangs Oupoot loop en Saul hom agtervolg<br>Figuurlik – dui op Saul se groei, bewuswording, gevoel van vasgevangenheid / verwoesting van die Bos. | (1)<br>(1) |

7.18 Jozef se kind is dood – deurboor deur ? olifanttand (1)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 8
## *BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman)

8.1 David is ? Engelse grondbesitter (hy nie). (1)

8.2 David se lewe as die meester / heer (1)
Sy lewe as die onderdanige (1)

8.3 David knik. (1)

8.4 Om onderdanig te wees / Nederig te wees. (1)

8.5 Albei se eensaamheid (1)

8.6 (David-hulle se) landgoed. (1)

8.7 Verbasing / Ongeloofbaarheid. (1)

8.8.1 In ? boerekrot (toe David en Alice skuilding gaan soek het) (1)

8.8.2 Die dood van O Maille (1)

8.8.3 Positief – Liam maak hom bewus van nuwe idees / opvattings / die Ierse boerebevolking / OF
Nadelig – Liam se invloed dryf hom tot ? sinlose daad en sodoende sy dood. (2)

8.9 Liam se gedagtegang word onderbreek. / Liam kan nog dinge noem wat hy geleer het. (1)

8.10 Hy voel oud en afgeleef (1)
en speel nie ? aktiewe rol in die opstand nie. (1)

8.11 Die Ierse boerebevolking in opstand teen hulle Engelse heersers (1)

8.12 Tevredenheid / plesier (1)
Hartseer / weemoed (1)

8.13.1 Nee (1)

8.13.2 Hy stel die dood van die rebelle in die vooruitsig: "galg bestyg" (1)

8.14 Hulle verduur onreg wat nie langer geduld kan word nie ... (1)

8.15 "leun" / "sit" (1)

8.16 "Maar ek ..." (1)

| | | |
|---|---|---|
| 8.17 | Ja – Hy is ? voorstander van die opstandsidee maar veg nie. OF<br>Nee – Hy is nie ? voorstander van geweld om onreg uit te wis nie. | (2)<br>**[25]** |

**OF**

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Hulle is "broers" (Willem is ? Van Rooyen) | (1) |
| 9.2.1 | Figuurlik | (1) |
| 9.2.2 | Dui op Benjamin / Lukas se veranderde houding | (1) |
| 9.3 | Die waarheid gehoor (en dit het hom seergemaak) | (1) |
| 9.4.1 | Hy is "wit" | (1) |
| 9.4.2 | Toe hy liefdesgevoelens vir Nina ontwikkel het. | (1) |
| 9.5 | Ja<br>Hy het nooit sy woonruimte verlaat nie / Hy glo die olifante maak jag op hom weens die olifantkalf wat gevrek het in sy vanggat. | (1)<br>(1) |
| 9.6 | Sy wreedheid / ongenaakbaarheid | (1) |
| 9.7 | Sy liefde vir geld | (1) |
| 9.8 | Afsku / Walging / Haat ... | (1) |
| 9.9 | Nee<br>Sou meer beskermend optree ... | (1)<br>(1) |
| 9.10 | Benjamin / Lukas | (1) |
| 9.11 | Dui aan sy word in die rede geval (deur Elias) | (1) |
| 9.12 | ? Raak beskrywing van haar gespartel op die vloer / Illustreer haar gevoel van woede / weerloosheid | (1) |
| 9.13 | Nina se gedrag / houding word gelykgestel aan<br>? vark se optrede | (1)<br>(1) |
| 9.14 | Hy raak uitasem / moeg | (1) |
| 9.15 | Mal / waansinnig | (1) |
| 9.16 | Beskermer / skild | (1) |
| 9.17 | ... ek wil nie die Bos verlaat nie / ... ek wil nie dorp toe gaan nie ... | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 9.18 | Lukas moet haar help (want sy verkeer in nood) / Nina se versoek om hulp word aangehaal. | (1) |
| 9.19 | Nee. – Elias soek geld (vir ? geweer) ... | (2) |
| | | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 10
## *TOORBERG* (Etienne van Heerden)

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Die geregtelike ondersoek na die dood van Noag. | (1) |
| 10.2 | Sy regterarm is byna stomp-af | (1) |
| 10.3 | Noag / Druppeltjie | (1) |
| 10.4 | Hy soek water op Toorberg / Hy en Kêns Tillie Moolman is die ouers van die buite-egtelike kind: Druppeltjie | (2) |
| 10.5 | Hul velkleur | (1) |
| | (weens Floors Moolman en Ouma Kitty Riet (? kleurlingvrou) | (1) |
| 10.6 | Paradysberg – ? Plek van volmaaktheid | (1) |
| | Toorberg – ? Plek van misterie en geheimsinnigheid | (1) |
| 10.7 | Die mooiheid van die water | (1) |
| | in sewe strale | (1) |
| 10.8.1 | Die oorsprong van die waterbron op Toorberg | (1) |
| 10.8.2 | Die ooreenstemming tussen die voorspoed van die Moolmans, | (1) |
| | en die beskikbaarheid van water op die plaas | (1) |
| 10.9.1 | Hy het die vermoë om bonatuurlike dinge te sien. | (1) |
| 10.9.2 | Dit pas in by die misterie van Toorberg / Dit pas in by die dwalende geeste / Daar is ander mense wat ook kan "sien". | (2) |
| 10.10 | Ou en ongebruikte goedere | (1) |
| 10.11.1 | Hy en die Moolmans is uitgedien. | (2) |
| 10.11.2 | Die geweer – simboliseer geweld | (1) |
| | Die kaart en transport (grondbrief) – simboliseer die oorgee van mag | (1) |
| 10.12 | Verandering in ruimte / tyd | (1) |
| 10.13 | Nee – Dui op ? ouer geskiedenis: rasseskeiding / republiekwording / pioniersbestaan OF | |
| | Ja – Die polemiek rondom grondeienaarskap | (2) |
| | | **[25]** |

**OF**

Hierdie is nie modelantwoorde nie; slegs geldige riglyne.

## VRAAG 11
## *KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee)

11.1

- Saul word gebrandmerk as oproerling, opstandeling, verraaier en verwerpeling.
- Saul word gekenmerk as <u>oproerling</u> omdat hy nie al die bygelowe, opvattings en gebruike van die Bosmense glo en aanvaar nie. Toe hy uitvind die bloubokkie se gal sit nie in sy kop nie, en hierdie saak asook ander aanroer, word by beskou as oproerling.
- Hy word beskou as <u>opstandeling</u> omdat hy nie aan die kalander wou help kap toe sy pa hom dit beveel het nie.
- Terwyl Saul vir MacDonald gewerk het, het sy pa-hulle ? wa vol hout gebring. Toe Saul hulle wou gaan groet, was hulle baie ongemaklik omdat hulle olifanttande onder die hout gehad het. Die eerste Kersfees toe hy terug Bos toe is, het Josef-hulle hom beskuldig van verraad. Hy sou glo spioeneer vir die boswagter en houtkopers op die houtkappers.
- Saul was gebrandmerk as <u>verwerpeling</u> omdat sy pa hom weggejaag het en die ander Bosmense hom verwerp het. Toe Joram-hulle olifante skiet vir hul ivoortande, en Saul gesê het dat die olifante moet nou vir hulle onkunde betaal, het Joram hom weggejaag.
- Die brandmerk wat die dorpmense hom gee, hou verband met hulle siening van alle Bosmense; "all woodcutters are wild and dirty and so are their children."
- Brandmerke is nie geregverdig nie – dit spruit uit onkunde (Kyk ook na ander insigte). (15)

11.2

- Waar Jozef liggaamlik sterker as Saul was, was Saul weer slimmer as Jozef.
- Toe Saul besef die gal sit nie in die bloubokke se kop nie het hy Jozef hiermee gekonfronteer.
- Jozef kon nie verstaan hoe Saul redeneer nie, want hy het vas geglo in die gebruike en tradisies van die Bosmense.
- Dit was die begin van Josef se vyandige houding teenoor Saul.
- Joram is tradisievas en glo wat sy vader en voorvaders hom geleer het.
- Toe Saul die waarheid uitvind van die bloublokkies se "galkoppie" het hy gedink:
- sy vader (die grootmense) het óf opsetlik vir hom gelieg óf hulle het self die lieg geglo.
- Hy was teleurgesteld om te sien hoe magteloos sy pa toegee aan gebruike en opvattings.
- Saul het begin redeneer en selfstandige denke ontwikkel.
- Alle opvattings en tradisies het hy bevraagteken.
- Hy ontwikkel insig en vasberadenheid (Kyk na ander insigte). (10)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 12**
***BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman)**

12.1

- As vriend maak Liam dat David meer van hulle (die rebelle se) bedrywighede ken.
- Deur Liam maak David van naderby kennis met die armoede en ellende van die Ierse boerebevolking,
- maar hy raak ook van hulle bewus as mense met verwagtinge, met hoop en drome.
- Met sy gesprekke betrek hy David al hoe meer by die Iere se saak.
- Met sy gesprekke sit hy vir David ook die eerste keer aan die dink oor die patroonmatigheid van sy bestaan.
- David raak ook bewus van sy buitestanderskap: hy word soms uitgesluit by hul planne en gesprekke.
- Sy slotoptrede ten gunste van die Iere se saak blyk dat hy wel deur Liam beïnvloed is.
- Vader O Floinn verkondig ook revolusionêre gedagtes aan David, maar hy is die een wat aandring op daadwerklike optrede.
- Hy eis van David meer as net sy woorde – hy moet ook standpunt inneem en oortuigings hê.
- Dis Vader O Floinn se aandrang wat David uiteindelik tot die daad laat oorgaan.
- Séamas Ban beïnvloed David intellektueel.
- Hy voer gesprekke met David, maar stel ook deur revolusionêre boeke (Franse filosowe: Voltaire en Rousseau) vir David bekend aan die opstandsgedagte.
- Hy glo dat David se plig by die Iere lê en beklemtoon die feit dat die Iere hul saak slegs met opstand en geweld kan besleg. (15)

12.2

- Die Engelse grondeienaars voer ? sinledige bestaan.
- Hulle bestee hul tyd aan jaguitstappies, die drink van whiskey, leë gesprekke en partytjies.
- Tydens die Cunninghams se bal word eenvoudige oplossings vir ? groterwordende krisis in Ierland aangebied.
- Vir hul werkers gee hulle nie om nie.
- Arthur gaan soek na ? ryk vrou in England, en probeer nie self om die omstandighede op die plaas te verbeter nie.
- Tydens hul kerkdienste val die fokus op die welvaart van die kerkgangers.
- Daar is ? hiërargie, met die bediendes wat in laer banke sit.
- Die Ierse boerevolk voer ? armoedige bestaan.
- Hulle woon in krotte waar soms tot nege persone in een vertrek bly.
- Hulle hou skool in ? geboulose skooltjie, is armoedig geklee en verskeie stap kaalvoet.
- Hulle is arm, kry swaar en leef in armoede.
- Baie van hulle is bedelaars.
- Die skrille kontras tussen ryk en arm is in baie plattelandse gebiede merkbaar. (Kyk ook na ander insigte.) (10)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 13**
***FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)**

13.1

- Fiela toon ? sterk sin vir wat reg en verkeerd is.
- Sy is ? diep gelowige mens wat telkens tot God bid.
- Sy skroom nie om reguit te praat as sy weet wat die waarheid is nie.
- Sy verdien haar geld opreg.
- Daarteenoor is Barta se eerbaarheid betwyfelbaar.
- Die lang sensusman het haar voorgesê om te jok dat Benjamin haar kind is.
- Sy volhard met die leuen vir langer as vyf jaar.
- Fiela se liefde en beskermingsdrang teenoor Benjamin is een van haar opvallendste kenmerke.
- Sy maak seker dat haar kinders eendag ? heenkome op Wolwekraal sal hê.
- Dit blyk selfs dat sy aan die einde van die verhaal bereid is om vir Tollie terug te aanvaar en te sorg vir sy toekoms as hy die drank sou afsweer.
- Teenoor geeneen van haar kinders bewys Barta haarself as beskermende moeder wat omgee vir haar kinders nie.
- Sy keer egter soms as Elias vir Lukas genadeloos bykom.
- Fiela is die hoof van Wolwekraal en trots op haar erfgrond.
- Sy is hardwerkend en boer metodies en met oorleg.
- Sy verdien ? ekstra inkomste met die volstruise waarvan sy die vere verkoop.
- Daar word afgelei dat Barta nie baie hardwerkend is nie.
- Sy is ook nie trots op haar huis nie, want haar huis is soos sy self, vuil en onversorgd.
- Ten slotte het sy die moed gehad om te erken dat sy ? leuen vertel het – miskien was dit haar gewete wat haar gepla het. (15)

13.2 Fiela se geheim was die wit kind wat sy op driejarige ouderdom voor haar deur kom vind het – iemand het hom voor haar deur kom los – hy was skoon en netjies.

- Sy het altyd gevrees dat die dag sou kom wanneer die kind van haar weggeneem sou word.
- Benjamin se geheim was sy liefde vir Nina wat hy probeer wegsteek het.
- Hy is geskok en voel skuldig oor sy gevoelens vir sy suster.
- Barta se geheim is die leuen wat sy vertel het dat Benjamin Komoetie haar seun Lukas van Rooyen is. Benjamin is nie haar Lukas wat weggeraak het nie.
- Toe die sensusmanne die wit kind by Fiela opgemerk het, het hulle die kind weggeneem en is Fiela se grootste vrees bewaarheid – Die kind is terug na sy "ouers".
- Benjamin erken teenoor Fiela dat hy Nina liefhet en Fiela verwys hom na Barta wat uiteindelik ? bekentenis maak.
- Benjamin is dus vry om Nina te bemin sonder enige skuldgevoelens.
- Barta erken teenoor Benjamin dat sy ? leuen vertel het.
- Met woede en verbittering besef hy dat daar in een enkele sin van Benjamin Komoetie ? Lukas van Rooyen gemaak is,
- tog kry hy finale sekerheid oor sy identiteit. (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 14
## *TOORBERG* (Etienne van Heerden)

14.1

- Om uitdrukking te gee aan die betowering wat StamAbel ondervind het toe hy sewe waterstrome onverklaarbaar uit die oog in die berg sien vloei, het hy sy plaas Toorberg genoem.
- Die storie van die plaas is ook die storie van water, want
- net soos daar ? soektog na die geheimsinnige water op die plaas is,
- so is daar ? soektog na die waarheid.
- In ? poging om self in te gryp na die soek van water het Abel ? boormasjien gekoop en geboor vir water.
- Die water van Toorberg het hom bly ontwyk.
- Die boordery het vir hom niks opgelewer nie.
- Die Moolmans se sonde (hul neersien op die Skaamfamilie) word blootgelê wanneer Noag (Druppeltjie) in een van die droë boorgate val.
- Abel word hierdeur gedwing om vir die eerste keer al die plaasmense bymekaar te kry om Druppeltjie van sy lyding te verlos.
- Die grond eis ? lewe voordat die reën (simbolies van die begenadiging / versoening) weer terugkeer.
- Dis asof die offer by die boorgat die oordeel (van God) oor die Abels tydelik afweer.
- Die reën wat op die plaas uitstort wanneer die droogte verbreek word, strek veral die vrugbare Skaamfamilie (Oneday het vyf kinders; DwarsAbel is onvrugbaar) tot voordeel. (Kyk ook na ander insigte). (15)

14.2

- Kaatjie Danster is "heldersiende" en in staat om die grens tussen die lewendes en dooies oor te steek.
- Dit stel haar in die posisie om die Moolmans – lewend en dood – te konfronteer.
- Sy skree byvoorbeeld op Abel se gees by die windpomp voor sy die briek gaan vasdraai.
- Sy gee verskeie kere in die verhaal aan die magistraat inligting oor die Toorberg-geskiedenis,
- en die wêreld van die wandelende geeste.
- Die magistraat raak in sy ondersoek amper net so heldersiende soos Kaatjie.
- Hy ken lateraan die diepste geheime van elkeen van die karakters oor wie hy uitvra.
- Dit gee aan hom ? alsiende en alwetende kennis oor die sondes van die Abels. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL: 75**

## AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG

## NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
## LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

**TAAL EN STYL**

**INHOUD**

| **20**<br>**15**<br>**10** | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **RYK** | **20**<br>**15**<br>**10** | **19**<br>**14**<br>**9** | **18**<br>**13**<br>**9** | **16**<br>**12**<br>**8** | **15**<br>**11**<br>**7** | **14**<br>**10**<br>**7** | **12**<br>**9**<br>**6** |
| **VOLLEDIG** | **18**<br>**14**<br>**9** | **17**<br>**13**<br>**9** | **16**<br>**12**<br>**8** | **14**<br>**11**<br>**7** | **13**<br>**10**<br>**7** | **12**<br>**9**<br>**6** | **10**<br>**8**<br>**5** |
| **GOED** | **16**<br>**12**<br>**8** | **15**<br>**11**<br>**8** | **14**<br>**10**<br>**7** | **12**<br>**9**<br>**6** | **11**<br>**8**<br>**6** | **10**<br>**7**<br>**5** | **8**<br>**6**<br>**4** |
| **GEMIDDELD** | **14**<br>**11**<br>**7** | **13**<br>**10**<br>**7** | **12**<br>**9**<br>**6** | **10**<br>**8**<br>**5** | **9**<br>**7**<br>**5** | **8**<br>**6**<br>**4** | **6**<br>**4**<br>**3** |
| **ONDERGEMIDDELD** | **12**<br>**9**<br>**6** | **11**<br>**8**<br>**6** | **10**<br>**7**<br>**5** | **8**<br>**6**<br>**4** | **7**<br>**5**<br>**4** | **6**<br>**5**<br>**3** | **4**<br>**3**<br>**2** |
| **SKRAAL** | **10**<br>**8**<br>**5** | **9**<br>**7**<br>**5** | **8**<br>**6**<br>**4** | **6**<br>**5**<br>**3** | **5**<br>**4**<br>**3** | **4**<br>**3**<br>**2** | **2**<br>**1**<br>**1** |
| **ARM** | **8**<br>**6**<br>**4** | **7**<br>**5**<br>**4** | **6**<br>**5**<br>**3** | **4**<br>**3**<br>**2** | **3**<br>**2**<br>**2** | **2**<br>**2**<br>**1** | **1**<br>**1**<br>**0** |

| **INHOUD** | **TAAL EN STYL** |
|---|---|
| **A. RYK (R)**<br>1. Besondere insig<br>2. Sterk oortuigingskrag<br>3. Uitstekend inhoud-beheer<br>4. Deeglike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning<br>6. Vraag en antwoord sluit<br>7. Vraag voortdurend in fokus | **1. SKITTEREND (S)**<br>1. Korrekte, funksionele lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie<br>3. Oorspronklike taal en styl<br>4. Afrikaanse idioom<br>5. Keurige taalaanwending |
| **B. VOLLEDIG (V)**<br>1. Besondere insig<br>2. Oortuigingskrag baie goed<br>3. Inhoud weldeurdag<br>4. Duidelike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, logiese beplanning<br>6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek<br>7. Vraag en antwoord sluit<br>8. Vraag in fokus | **2. BAIE GOED (BG)**<br>1. Klein gebreke in lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Goeie styl<br>3. Keurige taalaanwending - klein foutjies |
| **C. EERSTEKLAS (E)**<br>1. Meer gebreke<br>2. Oortuig minder<br>3. Feite nie volledig nie<br>4. Aanbieding plek-plek nie logies nie<br>5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie.<br>6. Vraag nie voortdurend in fokus nie. | **3. GOED (GO)**<br>1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Taal en styl begin lomp vertoon<br>3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid |
| **D. GEMIDDELD (GE)**<br>1. Baie gebreke<br>2. Oortuig soms glad nie<br>3. Helfte van feite<br>4. Belangrike feite ontbreek<br>5. Interpretasie gewoon<br>6. Aanbieding nie logies nie<br>7. Vraag en antwoord sluit dikwels nie | **4. GEMIDDELD (GE)**<br>1. Nog meer gebreke t.o.v. lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Taal en styl vertoon lomp<br>3. Taalaanwending is slordig |
| **E. ONDERGEMIDDELD (OG)**<br>1. Baie meer gebreke<br>2. Oortuig gedeeltelik<br>3. Belangrike feite weggelaat<br>4. Interpretasie oortuig nie<br>5. Aanbieding lomp<br>6. Vraag en antwoord sluit hier en daar<br>7. Vraag net in enkele gevalle in fokus | **5. REDELIK (RE)**<br>1. Ernstige gebreke t.o.v. lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig<br>4. Slaag soms net |
| **F. SKRAAL (SK)**<br>1. Kandidaat druip<br>2. Vol gebreke<br>3. Oortuig glad nie<br>4. Geen insig nie<br>5. Onbelangrike feite oorheersend<br>6. Interpretasie swak<br>7. Aanbieding deurgaans lomp<br>8. Vraag en antwoord sluit glad nie | **6. SWAK (SW)**<br>1. Skryf- en leesteken-gebruik beroerd<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig |
| **G ARM (A)**<br>1. Druip ver<br>2. Geen insig nie<br>3. Weinig kennis<br>4. Interpretasie<br>5. Aanbieding onlogies en verward<br>6. Vraag glad nie beantwoord nie | **7. BAIE SWAK (BS)**<br>1. Kennis oor gebruik van skryf- en leesteken-gebruik bestaan nie<br>2. Taalgebruik uiters swak |